NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

26 Februarie 2010

PERSVRYSTELLING OOR PORNOGRAFIE IN DIE OPENBARE MEDIA

Die NG Kerk het kennis geneem van die ondersoek wat *MultiChoice* (as deel van Naspers) tans doen na die moontlikheid vir die uitsending van pornografie oor die openbare DStv-kanale. Afgesien van die brief hieroor, wat ons direk aan die Besturende Direkteur van Naspers, dr Ton Vosloo, gestuur het, wil ons graag die volgende onomwonde stel:

1. Die NG Kerk is uitgesproke teen enige vorm van pornografie. Hierin word seks en naaktheid misbruik vir materiële gewin en die menslike liggaam word bloot as ‘n seksobjek degradeer met die gepaardgaande aantasting van die menswaardigheid van deelnemers daaraan.
2. In 'n gewelddadige samelewing van die omvang waarin ons daagliks leef waarin die morele verval oral groot uitdagings aan die inwoners van ons land (oor die algemeen), maar aan die Christelike geloofsgemeenskap (in die besonder) stel, is ons daarvan oortuig dat so 'n stap ons nie gaan help om 'n veilige konteks vir alle mense te skep nie – en dat dit daarom in kontras is met die Evangelie van Jesus Christus.
3. Ons wil graag ons stem voeg by diegene wat seksualiteit as sodanig as wonderlike gawe van God sien wat juis ten doel het om die innige verhouding tussen geliefdes met dieper sin en genot te versterk – en dat ons standpunt teen pornografie op geen wyse gesien moet word as 'n veroordeling of afwysing van alle vorme van die erotiese en naaktheid *per se* nie.
4. Ons wil ons lidmate aanmoedig om alle moontlike kanale wat aan ons beskikbaar is, te gebruik om protes aan te teken teen enige vorm van ongekontroleerde openbare uitsending van pornografie. Ons wil vertrou dat Naspers as verantwoordelike organisasie die meriete van hierdie pleidooie sal insien en ernstig opneem.
5. Lidmate wat self direk by *MultiChoice* protes wil aanteken, kan dit doen by webenquiries@multichoice.co.za .

Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris van die NG Kerk
Selfoon: 0828955680